Leipie Nuus

22-26 APRIL 2019

Nommer 12/2019

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 22 April
Vakansiedag: Familiedag

Di 23 April
Netbal: Oefening – o/7-o/9 14:00-14:45, o/10-o/13A 14:50-16:05, o/10-o/13B&C 14:50-15:50
Rugby: Oefening o/9-o/10A&B 13:50-15:00, o/11A&B, o/13B 15:05-16:20 1ste span 16:00-18:00
Skaak: Afrigting vanaf 14:15-15:15 in Me Booyse se klas
Landloop: Afrigting te H/s Centurion om 16:30

Wo 24 April
Koor: Oefening Jnr koor vanaf 13:45-14:30 in Me Coetzee se klas
Oefening Snr koor vanaf 14:00-15:00 in saal
Skaak: Wedstryde vs Lyttelton Primary (o/11) Glenstantia (o/13) (tuis)
Sosiale skaak Me Booyse se klas
Landloop: Afrigting te H/s Centurion om 16:30
Bulletjierugby: Oefening vanaf 17:30-18:30
Foto's: Boetie/sussie foto's, leierfoto word geneem

Do 25 April
Netbal: Wedstryde vs L/s Skuilkrans (weg)
Rugby: Wedstryde vs L/s Monumentpark (tuis)
Mini Netbal: 1ste feestoernooi te Midstream Ridge
Landloop: Bulte oefening in Aletheastr om 16:30

Vry 26 April
Netbal: o/13A netbaltoer te George tot 30 April
Redaksie: Alle berigte moet ingehandig word

UIT DIE KANTOOR:
Ons versoek dat ouers asb die korrekte verwysing gebruik vir die inbetaling van geld in die skool se rekening. Stuur asb ook bewys van betaling na die korrekte epos adres: debiteure@louisleipoldt.co.za/finansies@louisleipoldt.co.za

LEERDERS WAT AFWESIG IS/SKOOL VERLAAT:
Ouers moet asb 'n briefie skool toe stuur indien 'n leerder vir 'n tydperk afwesig is. Indien ons nie bewus is van leerders wat afwesig is nie, skep dit baie administratiewe probleme.
Laat weet asb ook die kantoor vroegtydig indien leerders verhuis.

BELANGRIKE DATUMS:
19 April: Openbare vakansiedag – Goeie Vrydag
22 April: Openbare vakansiedag - Familiedag
24 April: Boetie/sussie foto's word geneem.
Leierfoto word geneem
26-30 April: o/13A Netbaltoer – George
29 April: Voortrekkers – bekendstelling in saal
1 Mei: Openbare vakansiedag – Werkersdag
10 Mei: Fliekaand

HERREGISTRASIE GR 1 2020 – 13 MEI 2019:
Alle Gr R leerders van 2019 moet aanlyn herregistreer vir Gr 1 in 2020. Fasiliteite en hulp sal by die skool beskikbaar wees op 13 Mei 2019 in die saal vanaf 8:00.

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)
Geluk aan Wilmi Bruger wie se inskrywing vir 'n naam vir ons siekekamer gewen het – haar voorstel is **"Olik word vrolik"**
Tennis: Mynard Wilkens – goeie vordering
Akademiese Top 10:
Gr 5: Dieneke Beukes, Liandrie Roux, Adriaan Venter, Adrian O'Kelly, Sureta Brits, Leon-Charles Louw, Alison Farla, Jani Coetzer, Zanele Masuku, Mienke Jansen.
Gr 6: Elmi Pretorius, Tanya J v Rensburg, Carla Venter, Shané Noppé, Christine Nortje, Wiann Gous, Jana Kok, Inke J v Rensburg, Jade v Huyssteen, Joanè v/d Westhuizen.
Gr 7: Shanike Jordaan, Josua Markram, Wouter Kielblock, Luché Steyn, Gideon Markram, Mikayla Albers, Erika Skea, Wilri v/d Walt, Jeanré Vorster, Angelina Webber.

FOTO'S:
Boetie/sussie foto's word **24 April** geneem. Oudste kind moet asb briefie saambring saal toe met alle boeties/sussies wat saam afgeneem moet word. Hoef nie die gedrukte briefie te wees nie, eie briefie ook reg. Boetie/sussie in Gr R moet hul Leipieland hempie aanhê. Boetie/sussie foto's en individuele foto's word op die fotograwe se webblad bestel.
Die fotograwe se rekening soos in 2018 is gesluit. Moet asb nie enige betalings na die rekening maak nie.

VOORTREKKERS:
Elke 2de Saterdag van die maand is daar 'n Boeremark by die Voortrekkerterrein in Cloverlaan. Volgende mark is: 11 Mei. Heerlike vars eiers en ander produkte te koop.
Feesnaweek vind 12 Oktober plaas by Irene Oval vir die 70ste bestaansjaar van die Voortrekkers.
Op 30 Mei vind daar 'n fakkelloop vir Hemelvaart plaas. Almal welkom, nie net vir Voortrekkers nie. Daar gaan 'n lekker groot kampvuur by die Voortrekkerterrein wees.

GR R & GR 1 HEKKE:
Gr R & Gr 1 hekke open on 7:00 elke oggend en sluit om 7:30. Daarna slegs toegang by hoofhek.

2019 – Leipie waardejaar

***LEIPIES**: Integriteit – Die tyd is altyd reg om te doen wat reg is.*

Martin Luther King Jr

L/S LOUIS LEIPOLDT SKOOLKLEREVERSKAFFERS
L Leipoldt Skoolklere: Leipie Hypie
Hervormde Kerk, Napierstraat 103, Lyttelton
Berthie v Genderen - 073 1475705
Maandae – Donderdae 13:30 – 17:30
Saterdae per afspraak

Marethas Skool Uitrusters:
Clubview sentrum, Hoek van Adam Tas en Lytteltonweg, Clubview
012 660 1118
Weeksdae 8:00 – 17:00, Saterdae 8:00 – 13:00

Eduwear (PTY) Ltd:
Krugerlaan 39, Lyttleton
084 721 8701
Flexityd tot 18:30. Whatsapp vir afspraak

VERLORE KLERE:
Leerders en ouers moet asb verlore klere by die verlore klere kas op die vierkant opeis. Baie dankie aan die ouers wat so gaaf is om klere wat gemerk is uit te soek. Klere wat na 2 weke nie opgeeis word nie, sal verkoop word.

LEIPIE TROTS:
Ons skool is trots op ons geskiedenis en tradisies van die afgelope 70 jaar. Ons gebruik met trots die 70 jaar logo op ons briefhoof omdat dit deel van ons tradisie is. Ons nuwe logo vir 2019 is die waardejaarlogo: Ons Leipie Ratte Rol Reg.

CENTURION KUNSTEFEES – KUNS:
Me M Castelyn hanteer die kuns inskrywings. Leerders wat belangstel om in te skryf, kan inligting by haar gaan afhaal.

NUUSBRIEF:
Onthou asb om na www.louisleipoldt.co.za te gaan om te registreer om die weeklikse nuusbrief elektronies te ontvang.

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

OUERS OP DIE SKOOLTERREIN:
Ons doen 'n beroep op u om by die wag in te teken indien u die skool besoek gedurende skoolure, en dan by die kantoor aan te meld. U kan nie net op die skoolterrien rondbeweeg gedurende skoolure nie, aangesien dit probleme skep met die sekuriteit van ons kinders. **Ouers moet asb nie self leerders op die skoolterrein soek nie. Meld asb by die kantoor aan waar leerders geroep sal word.** Ouers moet asb ook leerders by die kantoor uitteken. Indien leerders laat is, moet ouers hul na die kantoor vergesel waar u hul moet inteken en leerders sal dan 'n briefie ontvang wat by registeronderwyser/es ingehandig moet word. Terwille van veiligheid mag leerders geen items deur die heining van enige persone neem nie.

FLIEKAAND 10 MEI:
(LW: Datum het geskuif van 3 Mei na 10 Mei)
Onthou asb om die datum oop te hou vir ons fliekaand van 10 Mei. Dit gaan groot pret wees!

GRAAD 7 TRUIE:
Alle Gr 7 leerders kan hul moulose-/langmoutrui laat borduur met Gr 7 logo @ R15-00 per trui. Handig asb moulose-/langmoutrui in 'n sak met naam op en R15-00 ingesluit by Me v Rensburg in vir borduurwerk.

KOPLUISE:
Die epidemie is hoogs aansteeklik en versprei baie maklik na ander kinders se koppe. Ons vra die ouers se samewerking om seker te maak dat u kind/ers se koppe skoon is van enige nete en kopluise. Een leerder in die klas kan die ander aansteek. Ouers wat moeite doen en onkostes aangaan raak ongelukkig wanneer hul kinders weer by klasmaats aansteek.
Dit is departementele beleid dat leerders met kopluise of nete nie die skool mag bywoon alvorens die kop nie heeltemal skoon is nie

MAKRO/MY SCHOOLKAARTE:
Baie dankie aan al ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning. Ons wil ouers wat nog nie **Makro** en **My School** kaarte het nie aanmoedig om aansoek te doen vir een. Doen asb aansoek by Me v Rensburg vir 'n **My Schoolkaart**. U ontvang dadelik u **My School kaart.** Indien u reeds 'n **Makrokaart** het en dit aan die skool wil koppel, kan u dit by die navraag toonbank in **Makro** doen, dit is 'n vinnige proses.

Foto's – boetie/sussie foto's toestemmingsbriefie

Hiermee gee ek, _____ ouer van _____(oudste kind)
in Gr _____ (dui ook U V W X Y Z aan) en _____
(alle kinders wat saam afgeneem moet word) toestemming dat my kinders afgeneem word.
Boetie/sussie foto's word **Woensdag 24 April** geneem. Pakket sluit in: 1 x (14 x 21 cm), 2 x(9 x 13 cm), 6 x kleiner foto's @ R140 per pakket. Ouers ontvang 'n bestelvormpie met 'n **unieke bestelkode**. Betaal asb die fotograwe aanlyn op hul webblad soos aangedui op bestelvorm, en nie aan die skool nie. Dit is nie verpligtend om die foto's te koop nie.